higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3

(8011003)

7 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

Let Wel: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN van die twee vrae in AFDELING D.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Regeringstrukture kan in vier (4) kategorieë verdeel word, naamlik semistaat- of parastatale strukture, wetgewende strukture, uitvoerende strukture en geregtelike strukture.

1.2 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, is die stel reëls waarvolgens die regering die land moet bestuur.

1.3 Die Nasionale Uitvoerende Gesag bestaan uit die president en die kabinet.

1.4 Die president word deur die Nasionale Raad uit sy geledere verkies of gekies.

1.5 Die Provinsiale Uitvoerende Gesag is verantwoordelik vir die inwerkingstelling van provinsiale wette.

1.6 Die Provinsiale Wetgewende Gesag verseker dat mense vir hul wederregtelike handelinge in die Provinsiale Uitvoerende Gesag verantwoordbaar gehou word.

1.7 Gemeenskapslede wat Suid-Afrikaanse burgers is, kan lede van die munisipale raad word.

1.8 'n Staatsorgaan het grondwetlike bevoegdhede, en dit sluit semistaatsinstellings in.

1.9 Alle staatsdepartemente moet aan die Ouditeur-Generaal verslag doen oor hul finansies, asof hulle aan 'n ouditeursfirma verslag doen.

1.10 Die Departement van Waterwese en Bosbou is verantwoordelik vir die verkoop van water aan die publiek, ondernemings en myne.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat die beste by 'n woord/item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Aanspreeklikheid/toerekenbaarheid	A	dit verskaf gedragsbeginsels om te besluit wat reg of verkeerd is
2.2	Oppergesag van die reg	B	dit verskaf inligting en dienste aan die publiek.
2.3	Wet	C	dit beteken dat die persoon in beheer van 'n formele gebeurtenis is.
2.4	Etiek	D	dit beteken dat alle besluite wat die regering neem ooreenkomstig die Grondwet moet wees.
2.5	Kwasi-outonome instellings	E	dit beteken dat die instellings met mekaar verbind is en dat hulle 'n uitwerking op mekaar het.
2.6	Deursigtigheid	F	dit is 'n regsvoorskrif wat deur tradisionele leiers geskep word.
2.7	Voorsittende	G	dit bespreek die doeltreffendheid van dienslewering aan die publiek.
2.8	Onderling verbandhoudende	H	dit beteken om verantwoordelik vir die gevolge van jou handelinge te wees en bereid te wees om te verduidelik.
2.9	Die Presidensiële Koördineringsraad	I	dit bespreek aspekte wat met internasionale samewerking met eksterne instellings verband hou.
2.10	Distriksinterregeringsforums	J	dit beteken dat die publiek betyds van akkurate inligting voorsien moet word.
		K	dit is 'n regsvoorskrif wat op provinsiale vlak aanvaar kan word.
		L	dit is instellings wat deel van die staat is, maar deur private ondernemings bedryf word.
		M	dit bespreek aspekte van nasionale en provinsiale wette wat met sake van plaaslike bestuur verband hou.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

erflike tradisionele leiers; Konstitusionele Hof; staat; tradisionele raad; regent; uitvoerende gesag; departemente; hoofmanne; provinsiale wetgewer; tradisionele leiers; Kommissie oor Tradisionele Leierskap; politici; munisipaliteit

3.1 (a) ... kan die opening van die Parlement bywoon, en die (b) ... is verantwoordelik om met die ontwikkeling van gemeenskappe in die ouer gebiede van Suid-Afrika te help. (2)

3.2 Wanneer 'n tradisionele leier sterf, volg die oudste seun hom gewoonlik opasdie nuwe leier, maar die (a) ... het die wet verander sodat die dogter ook kan opvolg, en die (b) ... word aangestel as die tradisionele leier siek is. (c) ... is verantwoordelik vir die tradisionele howe en die (d) ... is verantwoordelik vir die oorkoepelende bestuur en ontwikkeling van 'n tradisionele gemeenskap. (4)

3.3 Die ... is 'n liggaam bestaande uit persone wat verkies is om op 'n georganiseerde manier te vergader, en vertoon meer kontinuasie as die wetgewende gesag. (1)

3.4 Die ... moet verseker dat alle handelinge van die provinsiale regering deursigtig is en dat die publiek toegang tot alle tersaaklike inligting het. (1)

3.5 Die (a) ... het tradisioneel die werk verdeel tussen uitvoerende instellings bekend as (b) ... . (2)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Beskryf kortliks wat 'n *staatsorgaan* is. (2)

4.2 Verduidelik kortliks wat 'n munisipaliteit is. (2)

4.3 Verduidelik wie die munisipale bestuurder is deur ook na sy/haar funksie in die munisipaliteit te verwys. (3)

4.4 Bespreek kortliks die tweeledige funksie van die munisipale raad. (2)
[9]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Alle staatsorgane werk met ander staatsinstellings saam om Suid-Afrika te help ontwikkel. Dit staan bekend as samewerkende regering.

Wat is die funksies wat alle staatsorgane moet verrig om samewerkende regering te verseker? (5)

5.2 Bespreek die verantwoordelikhede wat die provinsiale huise van tradisionele leiers in die provinsies het. (4)

5.3 Verduidelik wat die raamwerk vir interregeringsbetrekkinge is. (2)

[11]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

News 24)
Twee buitelanders vermoor

2015-05-05 11:34
Chelse Pieterse

Winkeleienaars vermoor in vermeende xenofobiese aanvalle

Onder die indruk dat die aanvalle op buitelanders geëindig het, het twee mans na hul huise teruggekeer, waar hulle grusaam vermoor is. Die moorde, wat op Sondag- en Donderdagnag plaasgevind het, het vrees ingeboesem onder vlugtelinge wat in Pietermaritzburg en omliggende gebiede woon.

Die aanvalle het gebeur nadat 'n optog teen xenofobie verlede Donderdag in Pietermaritzburg plaasgevind het.
Die familie van Ethiopiese vlugteling Etebo Kebede (42), wat laat Donderdagnag in sy winkel in Imbali doodgeskiet is, het gesê hulle was nie verbaas om te hoor dat hy vermoor is nie.

Sy broer, Tagesse Letabo, het gesê dat hulle 'n aantal jare reeds in Suid-Afrika woon en werk, en enkele jare gelede saam 'n klein snoepwinkel oopgemaak het. Letabo het gesê sy broer was alom bekend en het baie hard gewerk. Die paar het egter 'n paar weke voor die skietvoorval 'n dreigbrief van 'n mededinger-winkeleienaar ontvang.

'Die brief het gesê dat ons ons winkel moet verlaat en na ons eie land moet terugkeer, en as ons dit nie doen nie, sal hulle eers ons huis afbrand en ons daarna doodmaak.'

Kopiereg voorbehou

Verlede Donderdag het twee gewapende mans die broers se winkel, wat steeds sake gedoen het, genader. 'Hy het met my oor die foon gesels toe die mans gekom het. Hy het vir my gesê om na die winkel toe te kom, en toe is die oproep beëindig. Nou is hy dood,' het Letabo gesê.

Dit blyk dat sy broer deur die metaalveiligheidstralies, wat veronderstel was om die eienaars te beskerm, geskiet is. Niks is gesteel nie.
Letabo het gesê dat hy nie na die winkel sal terugkeer nie, omdat hy vir sy lewe vrees, maar dat hy ook nie Suid-Afrika kan verlaat nie, omdat hy nie geld het om na Ethiopië terug te keer nie.

Minstens ses ander mense is ook doodgemaak as gevolg van die geweld in die provinsie, met Umlazi, KwaMashu en Verulam naby Durban wat die ergste geraak is.

6.1 Bespreek die rol wat die wyksraadslede van die verskillende geaffekteerde munisipaliteite in KwaZulu-Natal kan speel om xenofobie te voorkom. (3)

6.2 Bespreek die rol wat die plaaslike sfeer in die voorkoming van xenofobie kan speel.

Jou bespreking behoort hul funksies, rolle en verantwoordelikhede in te sluit. (10)

6.3 Bespreek die rol wat die provinsiale sfeer in die voorkoming van xenofobie kan speel.

Jou bespreking behoort hul funksies, rolle en verantwoordelikhede in te sluit. (10)

6.4 Noem TWEE gelyklopende funksionele domeins wat die nasionale en provinsiale sfeer kan deel om te help om xenofobiese aanvalle in hierdie provinsie hok te slaan. (2)

6.5 Verduidelik hoe die verskillende munisipale rade hul wetgewende bevoegdhede kan gebruik om 'n herhaling van gebeure in die bostaande scenario te voorkom. (5)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Kies enige EEN van die volgende twee vrae.

VRAAG 7

Skryf 'n opstel oor die distriksinterregeringsforums.

Aantekening aan die leerder: Jou opstel moet die volgende insluit:

Onderwerp:
Skryf 'n toepaslike onderwerp. (1)

Inleiding:
Wat is interregeringstrukture en hoe pas distriksinterregeringsforums by die strukture in? (2)

Inhoud:
Die distriksinterregeringsforum se funksies, die betrokke rolspelers en die rolspelers se verantwoordelikhede met betrekking tot munisipale interregeringsforums. (15)

Slot:
Skryf jou eie gevolgtrekking om die inhoud op te som. (2)
[20]

OF

VRAAG 8

Skryf 'n opstel oor die grondwetlike bepalings ten opsigte van die drie regeringsfere.

Aantekening aan die leerder: Jou opstel moet die volgende insluit:

Onderwerp:
Skryf ’n toepaslike onderwerp. (1)

Inleiding:
Die inleiding moet 'n kort verduideliking van die volgende sleutelwoorde insluit: onderskeidend/kenmerkend, onderling afhanklik en onderling verbandhoudend, soos dit met die drie sfere verband hou. (Gebruik die definisies van die woorde.) (2)

Inhoud:
Die inhoud moet die belangrikheid van interregeringsbetrekkinge verduidelik deur die terme onderskeidend/kenmerkend (5 punte); onderling afhanklik (5 punte) en onderling verbandhoudend (5 punte) te gebruik, soos aangetoon in die grondwetlike bepalings ten opsigte van die drie regeringsfere. Skryf drie paragrawe en gebruik elk van hierdie terme as 'n opskrif. Gebruik voorbeelde om oor elk van hierdie terme uit te brei. (15)

Slot:
Skryf jou eie gevolgtrekking om die inhoud op te som. (2)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou